

#HoeNou?! – Episode 10: OM TE LIEG SOOS 'N ALMANAK

Weet jy hoe vertaal ons “like a bull in a China shop” in Afrikaans? Wat beteken dit as iemand vir jou sê jou Saterdag is langer as jou Sondag? Of die koeie loop in die brand? Of hoekom sê ons iemand lieg soos 'n almanak?

Het jy geweet?

- Anton Prinsloo vertel in sy woordeboek *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom* dat almanakke in die ou dae klaarblyklik nie net datums en vakansiedae bevat het nie, maar ook weervoorspellings en boererate. Dit is dus maklik om die idioom te verstaan, want almanakke was onbetroubaar.
- 'n Mens kan ook sê **iemand druk almanakke**, m.a.w. hy vertel onwaarhede.
- Meer bekend is om te sê **hy lieg soos 'n tandetrekker**. Die oorsprong van die idioom kom uit die dae van die reisende kwaksalwers wat allerlei doepas aan mense verkwansel het om hulle gesond te maak. Hulle was dus bekend daarvoor dat hulle gejoj het, al het hulle as dokters en tandartse gedien.
- **Nog voorbeelde:**
 - Al in 'n Nederlandse spreekwoordeboek van 1838 (“liegt als een tandentrekker”), maar selfs ouer.
 - Ook in Frans in die 17e eeu (“Mentir comme un arracheur de dents”)
 - Duits, begin van die 16e eeu (“wie ein Zahnbrecher lügen”)
- **Een bont kraai maak nog nie die somer nie** – uit 'n enkele feit maak 'n mens geen algemene gevolgtrekking nie.

Lees meer ...

- Gaan lees ook by [Afrikaanse spreekwoorde: Raar maar waar](#) op Afrikaans.com vir nog talle voorbeelde en illustrasies.
- [Hier](#) is ook 'n oulike plakkaat om gratis af te laai.

Nog bronne:

- [Liegen - de betekenis volgens Van Dale 1898 \(ensie.nl\)](#)
- [The Sense of Suffering: Constructions of Physical Pain in Early Modern Culture - Google Books](#)

- [Handleiding tot de kennis van onze vaderlandsche spreekwoorden en ... - J.P. Sprenger van Eijk - Google Books](#)
- [Kwaksalwery - Wikipedia](#)

[Mentir comme un arracheur de dents : signification et origine de l'expression \(linternaute.fr\)](#)



BRON EN EIENDOMSREG: GERHARD VAN HUYSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.

